VAKATURE STUDENTEKERK BLOEMFONTEIN

BEMARKING-, SKAKELING-, KONFERENSIE- EN FUNKSIEKOÖRDINEERDER

*For an **English** advert, please do not hesitate to*

email kopanongapplications@gmail.com or visit our Facebook page.

Indien hierdie advertensie in lyn is met u belangstellings, passie en roeping nooi ons u uit om aansoek te doen vir hierdie pos. Studentekerk Bloemfontein is ’n unieke gemeente met ’n groot hart vir ons konteks en studentebediening. Ons is geleë teen die rand van die Universiteit van die Vrystaat. Ons werk met drie beginsels in en buite die gemeente:

Gasvryheid

Hiermee bedoel ons dat ons “radikaal” gasvry is en wil wees. Ons fokus is om die gemarginaliseerde, die randfigure, die “ander” en die vreemdelinge in te sluit. Alles wat ons doen moet inklusief en gemeenskapsvormend wees.

Kopanong

Kopanong is ’n mooi Sesothowoord wat “samekoms” beteken.” Ons glo dat ons ’n punt van samekoms is vir verskillende mense, verskillende idees, kunste en gesprekke. Ons wil ook ons gebou inrig as ’n plek van ontmoeting.

Ritme

Ons werk met onderskeiding en werk dus nie met ons eie slim plannetjies nie, maar ons probeer om in ritme te bly met dit waarmee God besig is in die wêreld. Dit verreis dat ons saam as ’n gemeenskap altyd op reis is.

Posbeskrywing

Hierdie pos is ’n nuutsaamgestelde pos wat aansluit by bogenoemde. Ons behoefte is om iemand in ons span te hê wat spesifiek verantwoordelikheid neem vir bemarking, skakeling en die bestuur van funksies en konferensies. Ons is op soek na iemand met ‘n dinamiese, inklusiewe en kreatiewe persoonlikheid. Die gemeente hou gereeld konserte in ons ouditorium en kennis op hierdie gebied sal in u guns tel. U moet verkieslik Engels en Afrikaans magtig wees. Verder is die behoefte van so ‘n aard dat die persoon baie goeie rekenaarvaardighede moet hê met ’n spesifieke fokus op sosiale media en ontwerp (webtuiste, Facebook, Instagram en ontwerpplatforms). Ons sal ook opleiding in al hierdie areas voorsien indien nodig. Die begrote pakket vir hierdie pos beloop R165 430 per jaar. Kantoorure is van 08:00 tot 14:00 met sekere bykomende tye vir funksies en eredienste.

Ons nooi alle belangstellendes om teen 14/11/18 ‘n CV van drie bladsye aan ons te e-pos by

kopanongapplications@gmail.com

Enige ander navrae kan gerig word aan:

Marius Louw | 081 219 3693 | marius.kopanong@gmail.com

Chris De Vries | 084 258 4556 | chris-d-v@live.co.za